

'N VROU SE OORLOG



DIE LAASTE PAAR JAAR HET DAAR HEELWAT BOEKE OOR DIE
GRENSOORLOG VERSKYN, MAAR MARITA VAN DER VYVER BIED
NOU 'N VERHAAL UIT EGGNOTE ÉN KUBAAN SE OOGPUNT ...

Marita van der Vyver se nuutste roman, *Grensgeval*, bevat al die komponente van 'n boeiende en roerende boek: 'n gestorwe soldaat met 'n geheim, 'n brief sonder bestemming en 'n soektog na 'n verlore dogter in 'n eksotiese land.

Grensgeval vertel die verhaal van 'n vrou, Therese, wat ná haar vervreemde man se dood 'n brief ontdek. Dit is geskryf deur 'n Kubaanse soldaat wat vermoedelik destyds deur haar man in die Grensoorlog doodgeskiet is. Die brief het nooit by die Kubaan se kind uitgekom nie. Therese besluit om in Kuba na die kind – nou seker al 40 – te gaan soek en die brief persoonlik af te lewer.

Grensgeval is 'n reisverhaal; terug na die verlede om sin te maak van 'n sinlose oorlog.

HOE BELEEF VROUE OORLOG?

Die oorlog in die 1970's en 1980's in die destydse Suidwes-Afrika en Angola is vir baie Suid-Afrikaners 'n werklikheid waarmee hulle steeds saamleef. Talle kwessies om die Grensoorlog is geheim gehou – deur die destydse regering en omdat die meeste mans wat teruggekom het nie daarvoor wou (of kon) praat nie. Vir Marita van der Vyver-aanhangers mag dit dalk vreemd klink dat sy juis dié oorlog as agtergrond vir haar nuwe boek gebruik.

“Dit is 'n ding wat my nog al die jare op 'n manier gefassineer het,” sê Marita. “Hoe het vroue die oorlog beleef? Hoe beleef vroue enige oorlog? Veral as hulle nie self kan deelneem nie. Dit het nou verander. Vroue kan self soldate raak. Ook aan die vyand se kant was daar ma's en susters en vroue en meisies wat nie deelgeneem het nie.

Mens kan seker sê goddank nie, maar hulle word gekonfronteer deur die 'verminkte' mans wat huis toe kom, ás hulle huis toe kom.

“Dit vat tyd om terug te kyk na iets en dan eers daarvoor te begin skryf,” sê sy. “'n Paar jaar gelede was daar 'n herlewing van Boereoorlog-stories en daai oorlog was meer as 100 jaar gelede. Die fliëks wat oor Viëtnam gemaak is, het eintlik maar eers so tien, 20 jaar ná die einde van die oorlog uitgekom. Ons is nog glad nie uitgeskryf oor die Grensoorlog nie, so ek vermoed, ek hoop, daar kom nóg stories.”

DIE WONDE BLY ...

In *Grensgeval* ontdek Therese 'n dagboek waarin sy die eerste keer sien wat in haar eks se kop aangegaan het en wat sy belewenis van die oorlog was. Hy het nooit met haar daarvoor gepraat nie. Marita vertel as daar één les is wat sy geleer het, is dit dat selfs die mense naaste aan jou ▶

“ALMAL WORD MAAR GEBREINSPOEL OP EEN OF ANDER MANIER OM DEEL TE NEEM AAN 'N OORLOG WAT NÓG IETS MET ONS, NÓG IETS MET DIE KUBANE TE DOEN GEHAD HET.”



kan weggesteekte kelders vol geheime hê.

“Ek vind dis moeilik vir mans – en dit geld alle oorloë – om te praat oor wat daar gebeur het, behalwe met die ander soldate wat saam met hulle daar was,” sê sy. “Ek vergelyk dit altyd met my Franse man se pa, wat in die Algerynse Oorlog [November 1954 tot Maart 1962] betrokke was. Hy was daar omdat hy daar móés wees. Hy moes as ’n jong man gaan diensplig doen het aan die einde van die 1950’s.

“Hy was so getraumatiseer hy het nooit met sy vrou of kinders daaroor gepraat nie, maar hy het elke jaar na ’n byeenkoms of ’n reünie vir oudsoldate gegaan. Dit was veterane van die Tweede Wêreldoorlog en die Algerynse Oorlog en dan het hulle die dooie makkers geëer en dalk die stories gesels wat hulle met niemand anders kon gesels nie. En dít vind ek keer op keer met mense met wie ek gesels oor die Grensoorlog: hoe moeilik dit vir hulle is. Maar op die ou end, as jy daar voor hulle sit en die regte vrae vra – as ’n persoon wat nie hul naaste is nie – is dit amper ’n verligting om wél daaroor te praat.

“Die ergste is amper vir dié wat nie fisiek gewond is nie. ’n Fisieke wond is verskriklik, maar jy kan iets daaraan doen. Maar al die onsigbare oorlogswonde wat ek in die boek ook van praat, wat dikwels lei tot alkoholisme en allerlei *abusive* gedrag teenoor gesinslede. Daaroor het ek met eksoldate se vroue en kinders gepraat. Dit was nie noodwendig altyd in formele onderhoude nie, maar dit is goed wat jy deur die jare hoor wat deurkom in jou vriendekring en soos jy mense ontmoet.”

Marita skryf oor die vroue wat met daardie verwonde mans moet saamleef. Daardie talmende trauma, wat nie behoorlik hanteer word nie, kan lewens uitmekaarruk.

“Alkoholisme en dwelmmisbruik is van die groot probleme van enige eksoldaat,” sê sy. “En gewelddadige gedrag in verhoudings, woede-uitbarstings ... dit gaan nie weg nie. Tensy jy behandeling ontvang, word dit net onderdruk.”

ONTMOETING MET DIE VYAND

’n Groot deel van *Grensgeval* speel in Kuba af. Marita het ’n paar medereisigers opgekommandeer en Kuba besoek om navorsing te doen en met Kubane te gesels wat in Angola geveg het. Aan dié “vyand” gee sy ’n naam en persoonlikheid. Die saadjie daarvoor is sowat tien jaar gelede geplant toe sy ’n Angolees-Portugese skrywer by ’n fees ontmoet het.

“Ek het baie goeie vriende met hom geword,” vertel sy. “Ons is min of meer ewe oud en hy was in Angola daai tyd gewees toe my pelle teen hom gaan baklei het. Ons hou van dieselfde boeke, dieselfde musiek. So, dit was een van daardie oomblikke wat my laat besef het daardie Kubane teen wie ons baklei het, hulle was net soos ons. Almal word maar gebreinspoel op een of ander manier om deel te neem aan ’n oorlog wat nóg iets met ons nóg iets met die Kubane te doen gehad het.”

Vir baie mense is Kuba nog ’n vreemde, kommunistiese eiland waar die horlosies gaan staan het, maar Marita

beskryf dit as ’n “fantastiese plek”.

“Dit is regtig wonderlike, gasvrye Latyns-Amerikaanse mense. Die soort karakters wat ek in die boek geskryf het, is die gevoel wat ek gekry het van die tipe Kubane wat ek ontmoet het. Ek sal enigeen aanraai om te gaan. Ek weet nie of kommunisme op enige ander plek in die wêreld so sensueel aangebied is nie, so sexy nie. Daar is ’n sexygeit wat definitief nie in die koue Rusland of Oos-Europa is nie. Dit is wat ’n mens fassineer. Daar is iets sensueel aan die musiek en die dans.”

Haar reis na Kuba was dalk die “brandstof wat nodig was om dit op papier te kry”, maar die Poolse joernalis Ryszard Kapuscinski se aangrypende verslag oor die Angolese burgeroorlog, *Another Day of Life*, was die “vonk”, vertel Marita in die nawoord. Kapuscinski praat oor die “onkommunikeerbaarheid” van oorlog en skryf onder meer: “The image of war is not communicable – not by the pen, or the voice, or the camera. War is a reality only to those stuck in its bloody, dreadful, filthy insides. To others it is pages in a book, pictures on a screen, nothing more.”

“Een ding wat ek myself absoluut verbied met enige boek is om te probeer om vir die leser ’n boodskap te gee,” sê Marita. “Dit is Hemingway wat gesê het: ‘If you want to send a message, you go to the post office.’ Maar as daar enigets is wat ek hoop mense oor sal dink as hulle die boek lees, is dit net bloot die sinloosheid van oorlog. En ons hou áán om dit te doen. Ons stuur jong mense regoor die wêreld om oorlog te maak.” 🌹

DEUR MARCHELLE VAN ZYL
FOTO’S: JOANNE OLIVIER EN JOHAN COETZEE

ONTMOET DIE SKRYWER

Woensdag 6 November

17:30 vir 18:00: In gesprek met Annelize Visser by Book Lounge in Kaapstad.

Donderdag 7 November

18:30: In gesprek met Danie Marais in die Bördienghuis, Breytenbach-sentrum, Wellington.

Saterdag 9 November

11:00: In gesprek met Elna van der Merwe by Protea Boekhuis, Stellenbosch.

Dinsdag 12 November

18:00 vir 18:30: Bekendstelling by The Royale, Craighallpark, Johannesburg.

Woensdag 13 November

18:00 vir 18:30: Exclusive Books, Centurion.

Donderdag 14 November

10:00: Graffiti Boeke, Montana, Pretoria

18:00 vir 18:30: The Book Keeper Shop, Faerie Glen, Pretoria.